BRILPIKKEWYN HERSTEL

# Bek-af Beakie gehelp met operasie

## Pik nou self sy vissie uit emmer

**Annelie Maré**



**Beakie, 'n brilpikkewyn wat in Oktober verlede jaar in Simonstad raakgery is, se onderkaak is só gespalk dat hy nou weer self kan eet. Spesialiste hoop sy kaak sal weer heg.** Foto:'s TRACY SHAW



**Beakie swem sonder moeite in 'n swembad by die Nasionale Dieretuin in Pretoria. Volgens Tracy Shaw, pikkewynbewaarder by die dieretuin, pas hy goed aan in sy nuwe tuiste.**

KAAPSTAD. – 'n Kaapse brilpikkewyn wie se snawel in 'n motorongeluk middeldeur gebreek het, kan nou weer aan sardyne smul nadat sy onderkaak sorgvuldig gespalk is.

Net mooi 'n maand ná die baanbreker-operasie sterk Beakie nou in die Nasionale Dieretuin in Pretoria aan.

Hy is op 13 Oktober verlede jaar, op Wêreld-bewustheidsdag vir pikkewyne, naby Boulders se pikkewynkolonie in Simonstad deur 'n motor raakgery.

"Hy het kopbeserings ook opgedoen, maar het gelukkig gou daarvan herstel," het Venessa Straus, bewaringshoof by die Suider-Afrikaanse Stigting vir die Beskerming van Kusvoëls (Sanccob), gister vertel.

Die skade aan sy snawel was ernstig, aangesien hy nie op sy eie sou kon jag met 'n onderkaak wat middeldeur gebreek is nie.

"Ek het al soortgelyke operasies op ander voëlspesies, soos papegaaie, eende en volstruise gedoen, maar dit is die eerste keer dat ek 'n pikkewyn opereer," het dr. Gerhard Steenkamp, 'n veearts en senior dosent aan die Universiteit van Pretoria, gesê.

"Dit het gevoel soos iets wat ons moet doen, veral vir 'n bedreigde spesie. Voorheen sou so 'n voël dalk uitgesit word, maar dit is onnodig."

Beakie sal volgens Steenkamp waarskynlik weer oor twee weke ondersoek word om sy vordering na te gaan.

Tracy Shaw, pikkewynbewaarder by die Nasionale Dieretuin in Pretoria, help hom tans om by die sowat 30 pikkewyne in haar sorg aan te pas.

"Dit gaan regtig baie goed met hom. Hy het verlede Sondag vir die eerste keer self 'n vissie uit die emmer gepik.

"Aan die begin was hy maar skaam, maar nou veg hy sy pad oop tot voor om kos te kry! Dit is merkwaardig hoe hy aangepas het," het Shaw gesê.

Volgens Strauss is dit nie die eerste keer dat Sanccob buitengewone behandeling vir 'n pikkewyn beproef nie.

"Ons het al voëls gehad met rugbeserings waarvoor ons harnassies probeer het, of fisioterapie. Ons het ook al akupunktuur beproef, en het vir 'n ander besering 'n oogspesialis ontbied.

"Dit is vir ons belangrik om met sulke operasies te eksperimenteer. Party werk, ander nie. Maar dit gee ons hoop dat ons voëls kan help wat dit vantevore dalk nie sou gemaak het nie."



**'n Kaapse trekduiker voer haar kleintjies naby hul nes in die Stony Point-reservaat op Bettysbaai. Navorsers meen hierdie spesie verkeer in groter moeilikheid as wat die meeste Kapenaars sou kon raai.** Foto: MICHAEL HAMMOND

# Kaapse trekduiker erg bedreig

**Annelie Maré**

KAAPSTAD. – Dit mag dalk voorkom asof trekduikers volop is langs die Wes-Kaapse kus, maar navorsers meen dié spesie verkeer onder ernstige druk.

"Die meeste mense is verras om te hoor die trekduiker (*Cape Cormorant* in Engels) word as bedreig geklassifiseer," het prof. Les Underhill, hoof van die Universiteit van Kaapstad se dieredemografie-eenheid, gesê.

"Wanneer jy uit die Kaapse hawe vaar, sal jy sien hoe 'n groot swerm van wat lyk soos duisende voëls die keerwal byna vol sit."

Volgens Underhill verteenwoordig dié swerms egter nie die volle prentjie nie. Die werklike afname kan veel duideliker by broeikolonies gesien word.

"In 1978 het ons ongeveer 100 000 broeipare getel, terwyl die telling verlede jaar sowat 35 000 broeipare opgelewer het.

"Dit is 'n afname van meer as 60%."

Underhill meen dié afname verteenwoordig genoeg bewyse om trekduikers volgens internasionale standaarde amptelik as bedreig te klassifiseer, al is hulle so onlangs as 13 jaar gelede nog as "byna bedreig" geag.

Die grootste proporsie trekduikers, ongeveer 50%, broei by Dyer-eiland, naby Kaap Agulhas.

Underhill is bekommerd dat hierdie verspreidingspatroon die spesie blootstel aan uitwissing, sou enigiets ernstig by Dyer-eiland verkeerd loop.

Nog 'n voël-cholera-epidemie, soos die een wat in 2004 en 2005 sowat 14 500 trekduikers op Dyer-eiland se dood beteken het, sou die spesie se kans op oorlewing ernstig kon knou.

'n Olielek of -storting kan net so 'n drastiese impak hê.


Venessa Strauss, bewaringshoof by die Suider-Afrikaanse Stigting vir die Beskerming van Kusvoëls (Sanccob), verduidelik dat hierdie voëls gewoonlik 'n relatief kleiner kans as ander op oorlewing het nadat hulle met olie besmeer is.

"Dit is so met enige vlieënde voëls, wat moeilik is om te vang," het sy gesê.

"Teen die tyd dat jy 'n trekduiker kan vang, is hy in 'n swakker toestand. Dit maak hulle meer kwesbaar vir siektes en stres gedurende rehabilitasie."

Voorlopige inligting van die tweede Suid-Afrikaanse voëlatlasprojek (SAVAP2) wys boonop dat die voëls dalk meer sporadies as verwag langs die Weskus voorkom.

Underhill hoop dié projek sal uiteindelik genoeg inligting insamel om te wys hoe bedreig Kaapse duikers werklik is.



**Die haai wat verlede Woensdag aan 'n dromlyn naby Sunwich Port gevang is.** Foto: KWAZULU-NATALSE HAAIRAAD

# Gemerkte haai se dood 'nie tevergeefs'

**Annelie Maré**

KAAPSTAD. – Die dood van een van die Ocearch-navorsingsprojek se gemerkte haaie aan die KwaZulu-Natalse kus is tragies, maar nie heeltemal onverwags nie. Tog het dié voorval ook waardevolle inligting verskaf, meen kenners.

Die haai, wat Madiba gedoop is toe hy in Maart 2012 by Mosselbaai gevang en gemerk is, is aan 'n dromlyn gevang. Hierdie geankerde boeie met aas wat roofdiere lok en vang, word saam met haainette gebruik om swemmers teen aanvalle te beskerm.

"Ons was nogal verras om te sien hoe baie tyd die Ocearch-haaie (wat elkeen met 'n satellietsender gemerk is) aan die Suidkus deurbring," het Alison Kock, navorsingsdirekteur van die organisasie Shark Spotters, gesê.

"Ons het aangeneem hulle beweeg daardeur, maar ons kan nou sien hoe hulle daar bymekaar kom. Daar is ook omtrent vyf wat op die oomblik aan die Mosambiekse kus vertoef."

Nog 'n Ocearch-haai, Brenda, is in Oktober verlede jaar deur Mosambiekse vissermanne van kant gemaak. "Dit help ons om die risiko's waaraan hulle blootgestel is beter te verstaan."

Volgens dr. Sheldon Dudley, hoofnavorser van die KwaZulu-Natalse Haairaad, wil dit lyk of die bevolking grootwithaaie aan die Suidkus stabiel bly, ten spyte van die impak van nette en dromlyne. "As ons kyk na die haaie wat jaarliks gevang word, is daar nie 'n opwaartse of afwaartse tendens nie," het hy verduidelik.

" 'n Afwaartse tendens kan dalk beteken dat die spesie onder druk verkeer, maar ons sien dit nie."

Dudley het gesê Madiba het gesond gelyk toe hy van die dromlyn verwyder is. Hoewel die haai se dorsale vin beskadig is deur die satellietsender wat daaraan vasgemaak is, was Kock en Dudley albei vol vertroue dat die sender nie 'n impak op die dier se gesondheid het nie. "Dit is nie mooi om te sien nie," het Kock erken. "Maar ons probeer om dit so te doen dat dit so min skade moontlik aanrig. Dit is ook onwaarskynlik dat die sender 'n impak het op die haai se kans om te oorleef."

# Wetenskap betower leerders



**Dr. Stephen Ashworth tydens sy *Kitchen Chemistry*-toer wat deel is van die groter Scifest Africa 2013-program.** Foto: SCIFEST AFRICA

KAAPSTAD. – Dit is waar, 'n mens kán water in wyn verander, jy moet maar net weet hoe.

Dr. Stephen Ashworth van die Universiteit van East Anglia in Norwich, Brittanje, kan dit sowaar doen en hy toer tans regdeur Suid-Afrika om Scifest Africa 2013 aan mense bekend te stel.

Sy vertoning, genaamd *The Kitchen Chemistry Outreach Tour*, is gewild by die Scifest Africa-wetenskapfees en is bekend vir sy vlamme, gebruike van water, ontploffende vla en die deuntjies wat hy op die vuvuzela uitblaas.

Hy gebruik artikels wat beskikbaar is in 'n supermark, apteek, hardewarewinkel, asook herwinbare materiaal om fisika en chemie vir leerders toeganklik te maak.

Scifest Africa word jaarliks deur sowat 72 000 mense op Grahamstad bygewoon en 'n program met meer as 500 aktiwiteite word aangebied.

Om uit te vind wanneer en waar Ashworth optree, kontak Scifest se kantoor by ☎ 046 603 1106 of stuur e-pos na info@scifest.org.za.

**– Elsabé Brits**

# Unieke operasie stuit diarree

**Elsabé Brits**

KAAPSTAD. – 'n Onortodokse tegniek om die ontlasting van gesonde mense in die spysverteringskanale van ander siek mense oor te plant is hoogs suksesvol.

In 'n studie aan die Universiteit van Amsterdam is meer sukses met hierdie tegniek behaal as met die gebruik van antibiotika, word in die vaktydskrif *New England Journal of Medicine* berig.

Pasiënte wat op dié wyse behandel is, het almal herhaalde infeksies van die bakterieë *Clostridium difficile* gehad, wat erge diarree veroorsaak.

Van die groep wat 'n antibiotika ontvang het, is net 27% genees. Die ander groep het die infusie van ontlasting ontvang en 94% is genees. Net 46 mense het aan die studie deelgeneem, en die behandeling is beëindig omdat dit so suksesvol was. Altesaam 120 mense sou later deelgeneem het.

Hoewel die ontlasting met behulp van 'n enema toegedien kan word, is die pasiënte se inflammasie dikwels so erg dat dit nie gedoen kan word nie. In die betrokke kliniese studie is dit met 'n pypie deur die neus tot in die dermkanaal gevoer.

Die ontlasting was afkomstig van vyftien gesonde skenkers wat geen oordraagbare siektes gehad het nie.

Die navorsers het gesê al is hierdie metode inherent afstootlik, is die behandeling so suksesvol dat die pasiënte nie omgegee het nie. Die bakterieë in die pasiënte se spysverteringskanaal het meer divers geword en na normaal herstel. Diverse bakterieë in die spysvertering is noodsaaklik vir gesondheid.

■ *Clostridium difficile* is bakterieë wat inflammasie van die kolon veroorsaak indien te veel daarvan in die spysverteringskanaal voorkom. Dit kan veral gebeur nadat 'n mens lank antibiotika gebruik het en dit die "goeie bakterieë" doodgemaak het. Dan neem die *Clostridium difficile* oor.

DIE BURGER-KERSFONDS

# Wynliefhebbers kan só 'n bydrae maak

Die Burger-Kersfonds het vanjaar 'n bottel Laurence Graff Reserve 2009 ontvang en nooi wynliefhebbers in die Oos- en Wes-Kaap uit om 'n aanbod op dié gesogte bottel wyn te maak en só die Kersfonds te ondersteun.

Die Laurence Graff Reserve 2009, 'n versnit van 92% cabernet sauvignon en 8% Bordeaux, is tans die duurste wyn wat in Suid-Afrika te koop is.

Daar is slegs 1 370 van dié gesogte bottels op die Delaire Graff-wynlandgoed buite Stellenbosch geproduseer.

Hierdie bottel wyn, wat vyf sterre in die 2013 Platter-gids gekry het, sal jou normaalweg ongeveer R1 700 uit die sak jaag.

Wynliefhebbers wat graag hierdie besonderse wyn by hul versameling wil voeg, kan vanaf 18 tot 25 Januarie 'n aanbod op die bottel maak.

DIE BURGER Kersfonds

**Hoe die kompetisie werk:**

- Lesers kan 'n elektroniese aanbod teen 'n minimum bedrag van 'n R1 000 op die bottel wyn maak, deur 'n e-pos te stuur na corlia.goosen@dieburger.com.
- Elke deelnemer moet die volgende inligting verskaf: Die bedrag (dit wil sê jou aanbod op die bottel wyn), jou naam, van en adres asook jou selfoonnommer.
- Indien dit sou gebeur dat twee of meer persone se bod saam die hoogste is, sal die persone individueel daarvan in kennis gestel word. 'n Elektroniese veiling sal dan tussen die persone gevoer word om uiteindelik die wenner te bepaal.
- Geen korrespondensie sal oor die kompetisie gevoer word nie.

Vir navrae oor die kompetisie kontak gerus vir Corlia Goosen by ☎ 021 406 4135.




**Die Delaire Laurence Graff Reserve 2009 is uiters gesog.** Foto: VERSKAF

## Jy kan só jou deel vir die Kersfonds doen

- **Tjek.** Stuur 'n gekruiste tjek na Die Burger-Kersfonds, Posbus 692, Kaapstad 8000.
- **Direkte inbetaling.** Maak 'n direkte bank- of internet-inbetaling in Die Burger-Kersfonds se Absa-bankrekening (rekeningnommer 360 220 230, takkode 312109).
- **SMS.** Jy kan ook bydra deur 'n SMS te stuur as jy op MTN, Vodacom of Cell C se netwerk is. Skenk R20 deur 'n SMS met "Kersfonds", jou naam, van en dorp na ☎ 49219 te stuur.
- **Aanlyn-donasies.** Gaan na die webwerf www.givengain.com en soek na Die Burger-Kersfonds om 'n donasie te maak.

Bevestig asseblief jou inbetaling deur jou naam en kontaknommer na ☎ 086 216 8324 te faks, stuur 'n e-pos na corlia.goosen@dieburger.com of bel vir Corlia Goosen by ☎ 021 406 4135.

Alle skenkings sal in *Die Burger* erken word.